**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**2021**

**NOVEMBER EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit **15** bladsye

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op ’n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Combrink, Haluman en Ramdhani**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Leesbegrip (Teks A en teks B)**

**Vraag 1: Koerantartikel**

Lees die leesstuk hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A**

**Jordan, (16), kan weer praat, loop ná ongeluk**

Deur Susan Cilliers l 25 Maart 2021 18:24

1. Hy het sy ouma baie gemis en sien daarna uit om haar te "help, irriteer en grappies te maak".

2. Jordan Marais (16) van Pretoria het Donderdag met dié woorde bewys daar is hoop te midde van groot verliese en tragedies. Hy het op 10 Januarie brein- en ander beserings opgedoen in 'n gru-ongeluk naby Harrismith in die Vrystaat. Hy was die enigste oorlewende. Sewe ander mense, onder wie drie van sy gesinslede, is dood.



Van links is Jacques Marais, Ian Greyling, Christa Greyling , Jordan Marais, en Donovan Delport. Foto: Verskaf

3. Jordan kon vir weke nie praat nie en het eers twee weke gelede begin loop. Hy was sedert begin Februarie in die Mediclinic Muelmed in Pretoria se neurologiese rehabilitasie-eenheid en is Donderdag ontslaan.

4. Jordan gesels nou land en sand. "Ek kan nie glo ek is by die huis nie. Jô, ek was drie maande weg." Jordan sê hy wil gereeld oefen sodat hy nie "lui" word nie en ook sy brein-en geheue-oefeninge doen. "Ek kan nog nie hardloop nie. Ek word gou moeg, maar ek is baie bly ek het dit oorleef. Ek sê net baie dankie."



Jordan Marais Donderdag buite die Mediclinic Muelmed in Pretoria pas nadat hy ontslaan
is uit die hospitaal se neurologiese rehabilitasie-eenheid. Foto: Verskaf

5. Jordan woon nou by sy ouma Suzette Schoeman in Pretoria. Sy ma en stiefpa, Christa enIan Greyling, en broer, Jacques (15) is dood in die ongeluk. Hulle was saam met vriende op pad terug na Pretoria van 'n vakansie in Uvongo toe 'n vragmotor se remme blykbaar onklaar geraak het en van voor teen hulle gebots het. Die gesin se vriende, Zelde en Willie Snyman, hul dogter, Lize (15) en Raymond Masongo is ook op die toneel dood.

6. Jordan moes kort ná die ongeluk geopereer word om drukking weens bloeding op sy brein te verlig. Sy regterbeen en kakebeen wat gebreek was, is ook geopereer. Jordan sê hy kan die oomblikke voor die ongeluk onthou. "Ek het by die venster uitgekyk en gesien dis nag en dit reën. Toe hoor ek my ma skree en toe *crash* ons." Jordan kan verder niks onthou nie, ook nie dat hy uit die wrak gesny moes word nie.

7. Hy sukkel nog met sy geheue. Behalwe vir die ongeluk, onthou hy niks van 2020 en daardie eerste dae in Januarie nie. "Hy vergeet nog woorde en herhaal homself baie," sê Schoeman. "Sy brein het erg gekneus en dit kan twee jaar duur om heeltemal te herstel. Hy moet rekonstruktiewe chirurgie ondergaan om 'n gedeelte van sy skedel bo sy een oor wat weg is, te herbou.

8. Jordan dra nou bril omdat die beserings sy sig aangetas het.

9. Schoeman sê die spraak-, fisio- en arbeidsterapie wat haar kleinseun in Muelmed ontvang het, het wondere verrig. "Die terapeute daar doen *magic*. Hy vorder so goed. Net 'n ouma sal weet hoe ek gevoel het toe ek hom twee weke gelede die eerste keer sien loop. Dit was die wonderlikste."Schoeman moet nou tuis 'n streng roetine met Jordan volg om sy rehabilitasieprogram voort te sit. "Hy mis sy ma, Ian en Jacques veral snags verskriklik en huil baie – ook wanneer hy die koerantberigte lees wat ek vir hom gebêre het. Dit laat hom opnuut besef hulle is weg."

10. Schoeman sê sy en Jordan was reeds vóór die ongeluk baie geheg aan mekaar. "Christa het altyd vir Jordan gesê: "Jy's nes jou ouma." Jordan sê hy is so bly ek 'is so lief vir hom' en dat ek elke dag vir hom in Muelmed gaan kuier het."

11. Jordan gaan kuier weekliks by sy biologiese pa, De Mario Marais. Donovan Delport (22), Jordan se halfbroer, het gedurende die gedenkdiens vir hul familielede gesê sy wêreld is onder hom "uitgeruk", dat alles soos 'n droom voel en dat sy hart en gees "gebreek" is.

https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/kyk-tiener-praat-loop-weer-na-ongeluk-wat-gesin-eis-

- Beantwoord al die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en antwoord neer.

1.1. Waar het die aaklige ongeluk plaasgevind? (1)

1.2. Waarom woon Jordan nou by sy ouma? (1)

1.3. Hoe lank was Jordan in die hospitaal? (1)

1.4. Haal 1 woord in paragraaf 2 aan wat vir ons aandui dat die ongeluk ernstig was. (1)

1.5. Noem 3 dinge wat Jordan graag weer met sy ouma wil doen. (3)

1.6. Waaroor, dink jy, gaan die koerantberigte wat sy ouma vir hom gebêre het? Wees spesifiek. (1)

1.7. Kyk na paragraaf 3.

Watter woord dui aan dat Jordan se <u>brein</u> seergekry het en mediese aandag moes ontvang? (1)

1.8. Kyk na paragraaf 4.

"Jordan gesels nou land en sand."

Kies die regte verduideliking van die aanhaling. Skryf slegs die vraagnommer en LETTER neer.

A. Jordan praat baie.
B. Jordan het probleme om te praat.
C. Jordan praat oor sy lewe voor die ongeluk. (1)

1.9. Noem 2 probleme waarmee Jordan nog sukkel. (2)

1.10.1. Waarvandaan was hulle op pad toe die ongeluk plaasgevind het? (1)
1.10.2. Waarheen was hulle op pad toe die ongeluk plaasgevind het? (1)

1.11. Verduidelik wie Zelde, Willie en Lize Snyman was. (1)

1.12. Hoekom was daar na die ongeluk, drukking op Jordan se brein? (1)

1.13. Noem 2 ander beserings wat Jordan tydens die ongeluk opgedoen het. (1)

1.14. Kyk na die name in KOLOM A. Pas die name by die verhouding wat Jordan met die mense in KOLOM B gehad het.

Skryf net die vraagnommers en LETTERS neer.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.14.1 | Ian Greyling | A | biologiese pa |
| 1.14.2 | Donovan Delport | B | stiefpa |
| 1.14.3 | Jacques Marais | C | stiefbroer |
| 1.14.4 | De Mario Marais | D | halfbroer |
| | | E | broer |

(4)

1.15. Die volgende stelling is ONWAAR.

Die dokters weet presies wanneer Jordan se brein weer volledig gesond gaan wees.

Haal ‘n sinsnede van 9 opeenvolgende woorde aan wat bewys dat die stelling onwaar is. (1)

1.16. Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Jordan moet nou (glase/bril) dra omdat hy na die ongeluk nie meer so goed kan sien nie. (1)

1.17. Wie dink jy, was Raymond Masongo, moontlik? (1)

(24)

Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B: SPOTPRENT**




1.18. Die spotprenttekenaar gebruik uitroeptekens om uit te beeld dat sekere sinne beklemtoon woord.

Watter tegniek gebruik die spotprenttekenaar om sekere woorde te beklemtoon? (1)

1.19. Die volgende stelling is WAAR.

Die boetie en sussie het nie elk hulle eie slaapkamer nie.

Motiveer waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.20. Wat noem ons die maaltyd wat die kinders voor skool eet? (1)

1.21. Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Ons kan aan die kinders se ( gebaretaal/lyftaal) sien dat hulle nie lus is vir skool nie. (1)

1.22. Gee een van jou eie woorde om te beskryf hoe die ouers voel oor die begin van die nuwe skooljaar. (1)

1.23. Wat doen die ma in raampie 7 (aan die einde van die spotprent)? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30** **(6)**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**INSTRUKSIES**

1. Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.
2. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE
3. Skryf die hoofpunte PUNTSGEWYS neer.
4. Nommer die punte van 1 tot 7.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

<u>Die voordele en nadele van digitale tegnologie in die klaskamer</u>

Rekenaars en mobiele toestelle laat die leerders toe om by die huis aan te gaan met hulle studies. Die leerproses hoef dus nie eers die volgende periode aan te gaan nie.

Nuwe tegnologie maak dit moontlik vir individuele leerders om teen hulle eie spoed te leer. As kinders agter raak, kan hulle by die huis inhaal.

Nog ŉ voordeel is dat inligting op so ŉ verskeidenheid maniere, byvoorbeeld, visuele, mondelings, in verskillende kleure, ensovoorts aangebied kan word, dat enige tipe leerder die werk sal kan verstaan.

Die internet en ander vorms van tegnologie gee vir die leerders ŉ rykdom van kennis. Leerders en onderwysers kan so maklik en gou hope inligting verkry.

Daar is mense wat sê dat moderne kinders nie basiese kennis en leestegnieke aanleer nie en dat dit ŉ negatiewe impak op hulle lewens het.

Baie van die nuwe tegnologie is ontwerp vir onafhanklike werk, daar is dus bekommernisse dat kinders minder sosialiseer.

Deskundiges sê ook dat leerlinge van die laer-inkomste gesinne sal sukkel om by te bly as gevolg van die duur tegnologie.

(10)

Totaal Afdeling B: 10

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS C**




3.1. Wie is die adverteerder? (1)

3.2. Wie is die teikengroep in hierdie advertensie? (1)

3.3. Die adverteerder rig 'n **uitnodiging** aan die leser. Wat is die uitnodiging? (1)

3.4. Skryf die KORREKTE WOORD neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra.

Slegs (een uur/ eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel. (1)

3.5. Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die antwoord neer.

Dink asseblief __________ om vrywilligheidsdiens te doen.

- aan
- met
- daaraan
- vir (1)

3.6. Wie is die persoon wat volgens die adverteerder ‘n verskil kan maak? (1)

3.7. Hoeveel troeteldiere gebruik die adverteerder in sy advertensie? (1)

3.8. Kyk na die hartseer gesiggie van die hondjie.

Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (3.8) en die letter neer (A-D) neer.

Die adverteerder maak hier gebruik van:

A. alliterasie
B. skoktaktieke
C. herhaling
D. emosionele manipulasie (1)

3.9. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

As jy by die DBV vrywilligheidsdiens doen sal jy gou (baie verlief) raak op die oulike diere. (1)

3.10. Skryf die AFKORTING vir die woord tussen hakies neer.

Daar is 90 takke van die DBV in (Suid-Afrika) (1)

**(10)**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die spotprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




4.1. Skryf die volgende sin oor in die INDIREKTE REDE.

Begin so: Die sekretaresse sê vir die hoof...

Die sekretaresse sê vir die hoof: " Jy moet al hulle ouers bel." (1)

4.2. Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Al die leerders nies. Pieter het 'n blikkie niespoeier skool toe gebring. (omdat) (1)

4.3. Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Dit is 'n goeie idee om tydens 'n pandemie so 'n grap te maak. (1)

4.4. Voltooi die sin deur die VERGELYKING te voltooi.

Die hoof se sekretaresse is so kwaai soos 'n ____________ . (1)

4.5. Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer (4.5) en die antwoord neer.

Ons kan sien dat dit 'n warm dag is, want die (draaier/waaier) is aan. (1)

4.6. Skryf die sin hieronder as ‘n VRAAGSIN oor sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

Die skole het gesluit <u>omdat daar ‘n Covid-pandemie was</u>. (1)

4.7. Noem die item klere wat die hoof om sy nek dra om sy kleredrag formeel te maak. (1)

4.8. Verbind die sinne hieronder deur gebruik te maak van die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD

Die kinders is stout. Hulle word gestraf. (wat) (1)

4.9. Noem EEN aspek van die sekretarese se lyftaal wat vir ons aandui dat sy in ‘n toestand is. (1)

4.10. Gee die teenoorgesteld GESLAG vir die woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Dit is net die (seuns) wat so stout is. (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die artikel en prent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1. Lees die artikel en beantwoord die taalvrae

**TEKS F: ARTIKEL**

**BLAAI OM**

**TEKS F:  ARTIKEL**

**Luiperd stap sorgloos in Singita Ebony Lodge rond**



'n Video wat verlede jaar by Singita Ebony Lodge in die Sabi Sands in Suid-Afrika geneem is, wys hoe 'n luiperd in die restaurant daar rondgeloop het.

Die video is deur Erika Wiese en haar vriendin, Marie-Louise Kruger opgeneem terwyl hulle hul ontbyt saam met ander gaste geëet het.  Die luiperd het op sy gemak daar rondgeloop.  "Die res van die gesin het net voor die middag se wildrit na hul kamers toe gegaan."

Ape is een van die beste vroeë waarskuwingsisteme om ander diere in kennis te stel dat daar 'n roofdier in hulle midde is.  Die ape het ons daardie spesifieke middag gewaarsku van die teenwoordigheid van die luiperd wat op die stoepe rondgeloop het. Die luiperd het stil en ongemerk beweeg.

Die einste luiperd is vroeër die dag in die rivierbed opgemerk waar hy besig was om 'n bosbok te bekruip.

"Singita se personeel is goed opgelei om sulke situasies te hanteer en daar heers streng protokolle om die veiligheid van beide die personeel en gaste te verseker. Ons het dus kalm gebly, stilgesit en ons verwonder aan die pragtige dier wat so naby aan ons beweeg het."

"Ons het bewondering, respek en dankbaarheid gevoel om so 'n raar ondervinding met 'n luiperd te kon meemaak het.  Die situasie het bewys dat natuur en mense wel in harmonie en respek kan saamleef .  Dit was asof die luiperd in dié situasie geweet het hy was in die mens se gebied."

Die luiperd het onbesorgd van die stoepe af weggestap in die rigting van die bosbok...

Deur: Erene Roux
07-09-2020

www.diesuid-afrikaner.com

5.1. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Die luiperd loop en ruik op die stoep van Singita Ebony Lodge. (1)

5.2. Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Van die gaste by die Lodge is senuweeagtig. (1)

5.3. Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.

Die ape het vroegtydig die mense gewaarsku. (1)

5.4. Gebruik die HOMONIEM van **<u>bly</u>** in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Die personeel van die Lodge bly in die Kruger Wildtuin. (1)

5.5. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Daar was baie (gesin) by die Singita Ebony Lodge. (1)

5.6. Skryf die volgende sin in die INFINITIEF. Begin soos aangedui

Die bosbok moet weghardloop. Die bosbok behoort... (1)

5.7. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Die luiperd is die (pragtig) dier wat Erika al gesien het. (1)

5.8. Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die klein (bosbok) wat die luiperd bekruip het, was kwesbaar. (1)

5.9. Vul die ontbrekende PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in.

Die videokamera wat Erika en Marie-Louise gebruik het is ______________ . (1)

5.10. Gee 'n ANTONIEM vir die woord tussen hakies.

Dit was (moeilik) om ontslae te raak van die luiperd. (1)

5.11. Skryf die volgende sin in die korrekte WOORDORDE oor.

Singita se personeel, om sulke situasies te hanteer, opgelei, is. (1)

5.12. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (mense wat by die lodge vakansie hou) is deur die ape gewaarsku. (1)

5.13. Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM oor.

Óf die bestuurder óf die personeel het paniekbevange geraak. (1)

5.14. Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.

Die gesin het twee kameras. (1)

5.2. Kyk na die prent en beantwoord die taalvrae wat volg.

**TEKS G: PRENT**



**Die hele wêreld moet saamstaan teen klimaatsverandering**

5.2.1. Vul die KORREKTE woord in.

Die drie __________ lyk ongelukkig. (1)

5.2.2. Vul die KORREKTE woord in.

Die planeet waarop ons woon word ___________ genoem. (1)

5.2.3. Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Ons moet (onmiddellik) begin om ons planeet op te pas. (1)

5.2.4. Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sin oor en onderstreep die leesteken.

Skryf die hele sin KORREK oor.

Greta sê "Ons moet almal ons deel doen." (1)

5.2.5. Kies die KORREKTE SPELLING tussen hakies.

(Wanneer/Waneer) is dit te laat om ons planeet te red? (1)

5.2.6. Vul die KORREKTE VOORSETSEL in om die sin te voltooi.

Dit is belangrik om ons planeet ____________ te pas. (1)

**(20)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOAAL: 80**